

INTERNASIONALE MEDEWERKER VAN *TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE* IN NEDERLAND VEREER

Paul van Tongeren, emeritus hoogleraar Wysgerige Etiek aan die Radboud Universiteit Nijmegen en die KU Leuven, is onlangs vereer met die titel *Denker des Vaderlands*. Hierdie eerbewys word tweejaarliks in Nederland toegeken. Daar is geen offisiële taakoms krywing vir die Denker des Vaderlands nie. In 'n onderhoud met die dagblad *Trouw* spreek Van Tongeren sy ambisie vir die komende twee jaar uit: "Ik heb me de laatste twintig jaar ingezet om in mijn werk een brug te slaan tussen de academische filosofie en de publieksfilosofie. Die mogen niet uit elkaar groeien, ze hebben elkaar nodig."



In dieselfde onderhoud vertel Van Tongeren dat hy as Denker des Vaderlands graag die wonder van betekenis aan die orde wil stel. Dit blyk ook uit die titel van die boek wat by die aanvang van sy termyn verskyn het: *Het wonder van betekenis. Op zoek naar geluk en wijsheid met Paul van Tongeren*, met Marc van Dijk as mede-outeur (Uitgeverij Boom, 160 ble., €15).

Van Tongeren is 'n outoriteit op die gebied van die filosofie van Nietzsche. Hierbenewens is hy 'n kenner van die Aristoteliese deug-etiek. Op basis van hierdie twee spesialismes het hy inmiddels meer as tien filosofiese boeke vir 'n breë publiek geskryf – boeke wat in verskeie tale vertaal is en waarvan sommige vele herdrukke beleef het. Met sy boek *Leven is een kunst* is hy in 2013 bekroon met die Socrates-prys vir die mees oorspronklike en prikkelende filosofieboek van daardie jaar. Dit het onlangs in Engelse vertaling verskyn onder die titel *The Art of Living Well*.

Van Tongeren is sedert die jare negentig 'n gereelde besoeker aan Suid-Afrika, onder meer aan die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch. In 2017 was hy vir drie maande 'n genoot van die Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS). Hy is ook 'n mede-oprigger en meelewende lid van die Nederlands-Afrikaanse Genootskap vir Wysbegeerte. Verskeie artikels van hom is al in Suid-Afrikaanse vaktydskrifte gepubliseer, o.a. in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* waarvan hy teweens 'n internasionale medewerker is.

MARINUS SCHOEMAN

E-pos: schoeman.m@mweb.co.za